# DIE SWART LUIPERD

No. 18
Geheim van
die Wit Heks



**braam le roux**

Die gorilla uiter 'n bloedstollende kreet; draai een, twee keer in die rondte en slaan dan soos 'n os neer. Die Afrikaanse aap skree roggelend en bevange met vrees as hy op die grond lê en rondskop. Die Inkas het egter skielik geen asem om te juig nie. Hulle is stom en skrikbevange en staar af na die sterwende aap.
Die tweede gorilla storm egter nou op die liggaam van die professor af, wat egter nou weer begin beweeg. Die volgende oomblik sien hulle egter hoe die Luiperdman deur die lug trek, byna asof hy skielik vlerke gekry het. Hy land netjies in 'n hoë boom wat net vlak langs die arena staan. Die Inkas trek hulle asems hoorbaar op toe die Luiperdman die volgende oomblik op die grond in die arena te lande kom, feitlik tussen die gorilla en die professor wat nog op die grond lê.



INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Duiwels met Dolke ........ 3

2. 'n Kerkhof vir die Duiwels ........ 11

3. Die Harige Monster ........ 20

4. Oë van Onheil ........ 28

5 Vrees die Folterkelders ........ 37

6. Bloed Langs die Water ........ 45

7. Rook uit die Aarde ........ 53

8. Stad van die Verderf ........ 61

9. Stad van die Verderf ........ 70

10. 'n Gees uit die Mis ........ 78

11. Tonnel Sonder Bodem ........ 86

Hoofstuk 1

## DUIWELS MET DOLKE

In die groot groen woud beweeg skaduweegestaltes stil oor die nat aarde. Gister het die stortreëns oor die oerwoud uitgesak, en die aarde is nog deurweek. Selfs die stekende strale van die son wat vandag fel op die groen bosse neergeskyn het, kon sommige van die druppels op die breëblare nie bykom om dit te verskroei nie. Telkens as 'n aap in die hoogtste bome effens versit, stort die druppels huppelend na benede.

Die woud is vandag onheilspellend stil. Dit is net die groot rivier se water wat ná die stortreëns nog oor die rotse raas. Dit is byna soos die gromgeluide van 'n oerdier.

Maar origens is dit doodstil. Dit is of die wouddiere almal slaap, en die wat nie slaap nie, is te bang om te beweeg, te bang om 'n geluid te uiter. Dit is asof hulle die bewegende skaduwees grootogig dophou. Die reuse-uil bo in die boom, wat netnou op soek was na die muisgesin tussen die struike, loer skuins af na die swart skimme wat onder tussen die bosse beweeg, geluidloos, asof hulle tussen die takke deursweef, soos die geeste van die gestorwenes.

Die maan sit bo in die hemelruim, maar hy kan nie tussen die bosse inloer nie. Die blaregordyn is dig en ondeurdringbaar. Net nader aan die rivier is die bosse minder en daar val die maanligkolle spookagtig tussen die takke deur.

Die ou uil het al lankal opgemerk dat dit tweebeen-goeters is wat soos swart vlekke deur die bosse beweeg. Sy oë sien mos in die duisternis waar die oë van die ander oerwoudbewoners nie kan sien nie. Die uil weet dat as hierdie tweebeen-gestaltes so stilweg beweeg, dit net een ding voorspel. . . onheil, bloed. In sy alwysheid het die uil lankal hier in die oerwoud besluit dat daar geen dier is wat bloeddorstiger is as die tweebeen-diere nie.

Die nag is warm en bedompig, en toe die bewegende skimme die maanligkolle bereik, sien die uil die bruin liggame wat glad is van die sweet. Dit is half-naakte figure wat deur die ligkolle beweeg en weer in die duisternis van die woud verdwyn.

Ja, die tweebeendiere is op soek na bloed, en wanneer hulle op

jag na bloed is, dan swyg die ganse oerwoud; tot die jaguar met sy skerp tande, kruip diep in hol boomstamme weg, want wanneer wreedheid op die spel is, kan hy nie meer kers vashou vir die tweebenige gediertes van die oerwoud nie.

Die skaduwees beweeg in die rigting van 'n smeulende vuurtjie in die opening tussen die bosse, 'n honderd tree van die breedvloeiende rivier.

Hulle is nou nie meer baie ver van daardie smeulende vuurtjie nie. Dit is nog feitlik net die kole wat gloei, en af en toe 'n blou vlammetjie wat opsukkel om weer 'n bietjie lewe te bring.

Die naakte figure drom saam onder die diep skaduwees van die oerwoudreuse. As hulle laag buk en tussen die stamme deurloer, kan hulle die gloeiende kole sien. Dit is asof die naakte gestaltes in die skaduwees eers beraadslaag. Net twee-drie se lywe word beskyn deur nuuskierige strale van die maan. Af en toe is daar 'n flits van die groep naaktes afkomstig, wanneer die strale die dolklemme vang.

'n Hol stem fluister:

,,Dit is ons laaste kans om die groot Tier te probeer vang, maar ons mag hom nie seer maak nie. Onthou dit is 'n bevel van die Wit Heks van Amar. Die Tierman mag nie seer gemaak word nie. Ons moet hom heel en lewend na haar stad toe bring. Ons mag nie toelaat dat hy wegkom nie. Eers het sy die Jaguar-manne gestuur om die Tierman vas te trek, toe die Inkas, later die Groot Ape, maar hulle kon nie daarin slaag om die Luiperdman gevange te neem nie. Daarom het die Wit Heks ons opdrag gegee om die Tierman te vang en na haar toe te bring. Ons is twaalf, die twaalf bestes. Die Wit Heks het ons vir hierdie taak gekies omdat sy weet dat haar vyande voor ons verkrummel. Hulle is nie bestand teen ons durf en dapperheid nie. Laat ons die Tierman vannag 'n les leer—'n les wat die Duiwelmanne hom alleen kan leer!''

As die spreker vorentoe kom, vlug 'n eekhorinkie haastig hoër teen die wit boomstam op. Wat hy gesien het, vervul hom met vrees. Die liggaam van die spreker is bruin, vet en sweet blink in die maanlig daarop, maar oor sy gesig is 'n swart masker. Regop ore staan skuinsweg van sy kop af. Die kop van die persoon wat so stilweg in die donker gepraat het, lyk kompleet soos die afskuwelike gevreet van die reusevlermuis wat in die oerwoud rondvlieg en selfs eekhorinkies aanval.

Die eekhoring kom op 'n dun takkie tot stilstand, en met



kraalogies loer hy terug na die vlermuisgesig.

Die skaduwees beweeg almal uit die donkerte te voorskyn. Hulle skaar hulle om hulle leier en daar word weer gefluister. Elkeen van die afskuwelike vlermuisgesigte se bolywe is kaal, maar hulle onderlyf is bedek met 'n kort, noupassende swart broekie, en agter wip 'n duiwelstert onheilspellend.

,,Kom, Duiwelmanne, en moet nie julle dolke gebruik nie. Maak hom net skrik daarmee!''

,,Hy sal nie skrik nie,'' praat een grof teen. ,,Ek het gehoor dat die Tierman 'n woesteling is. Hy het die krag van ses jaguars!''

,,Ja,'' dra 'n ander vlermuisgesig sy mening by. ,,Die manne sê dat hy magiese krag besit en dat hy bloeddorstig is. Dit is daaroor dat die Amarari en die Oekapi's van die Groen Woude hom aanbid. Hulle het ook eers teen die Tierman opgestaan, maar hulle het gou voor hom neergeval en hom aanbid.''

,,Word julle bang? Onthou ons is Duiwelmanne, en ons het spierkrag. Daar vloei nie Inka- of Rooihuid-bloed in ons are nie. Ons voorouers was harde Spanjaarde!''

,,Ja, maar ons moeders was maar Rooihuide!''

,,Stilte!'' roep die forsgeboude Duiwelman en sy swart oë gluur uit die skrefies in sy duiwelmasker. ,,As hy eerste begin doodmaak, kan ons ook steek, anders nie. Luister nou! Hier is my plan. . . Die Tierman slaap gewoonlik in 'n boom. Hy het twee luiperds en 'n perd. Ons moet dié eers verwilder, en ons moet hom pak wanneer hy nog slaap. Julle het die toue. Ons bind hom dan vas, en môre as die son oor die berge van Amar opkom, het ons hom by die Wit Heks wat die enigste regeerder is oor die oerwoud en alles wat daarin woon. Hierdie Tierman moet skadeloos gestel word, want hy probeer om die Wit Heks te onttroon. Ses van julle moet die diere verwilder. Ek en vyf ander sal die Tierman storm.''

Daar volg bromstemme. . . en dan eensklaps stilte, 'n drukkende stilte. Net die rivier wat grom soos 'n slapende reus.

Twaalf skaduwees sluip nader na die smeulende vuur.

Tussen 'n klompie struikgewas roer Donker, die Swart Luiperd se perd, sy kop. Hy spits sy ore. Dit is asof hy skaduwees in die nag gewaar het. 'n Paar muskiete takel hom ook boonop toe, en hy trippel rond. Donker se bewegings laat die struike ritsel, en hoog bokant hom in 'n mik gluur Spikkels, die luiperdwyfie, gesteurd af. Sy weet goed dat dit Donker is wat nie sy staan kan kry nie, en sy laat 'n verergde gegrom hoor.

Dit wek weer vir Simson, die luiperdmannetjie, wat tussen twee rotse naby die smeulende vuur lê. Hy lig sy groot kop op en sien die gestalte van sy wederhelf teen die maanlig. Met dromerige oë staar hy haar aan, byna asof hy wou sê:

,,Kan die Eva-geslag nou werklik selfs in die nag geen rus vir hulle siele kry nie?''

Dan trek hy sy voorpote effens in en rol oor op sy ander sy.

Maar ineens wip hy regop tussen die rotse. Sy ore is platgetrek en sy oë gluur soos kole vuur voor hom uit.

'n Takkie het daar êrens in die diep skaduwees van die woudreuse gekraak. Simson staar nou in daardie rigting, maar dit is net die nag voor hom. Simson neem een tree vorentoe en loer dan om die rots. Sy liggaam gee 'n vinnige ruk en hy mik om plat te val. Daar was dit weer . . . 'n tak het nou weer links van hom af gekraak. Hy tuur in die donkerte en besnuif die lug.

Skielik skud takke agter hom, en die gespikkelde wip om. Hy staar vas in die gesig van 'n afgryslike monster. Daardie gesig het hy laas in die oerwoude van Afrika teengekom, toe sy tweebeen-maat, die Luiperdman, en hy met die bloedsuiende vlermuise te doen gehad het. Ja, dit lyk soos die gevreet van 'n reuse-vlermuis.

Die gevreet druk die takke weg en dit kry skielik 'n lyf, 'n lyf met twee bene, soos 'n mens. Simson se liggaam bewe, maar hy is nou nie meer bang nie. Hy het 'n walglike reuk gekry, 'n mensreuk. Hier in die oerwoude van Brasilië, in Suid-Amerika, het hy al baie daardie reuk ervaar—die reuk van 'n stinkmuishond van die Transvaalse vlaktes kom nie naby hierdie galserige reuk nie.

Simson gee onmiddellik 'n waarskuwende gegrom en spring tussen die rotse uit. Op daardie oomblik gil die duiwelding voor hom en steek vinnig met 'n dolk na Simson. Die Luiperd het dit nie verwag nie en moet haastig wegspring om nie oopgeskeur te word nie.

Toe peul daar oral van hierdie vlermuisagtige goed uit—agter hom, langs hom. Hy gee 'n waarskuwende gebrul. Spikkels val feitlik uit die boom uit, byna op die rug van Donker. Dit is of die donker skaduwees om hulle begin lewe het.

In die mik van die boom, net langs 'n reuse-voëlnes, spring die Luiperdman orent. Hy sien die bewegende gestaltes onder hom. Hulle hardloop heen en weer, maar uiter geen woord nie. Dit is net Simson wat aanhou brul. Spikkels bly doodstil in die struikgewas lê. Hy roer nie. Ses van die gemaskerde halfnaakte wesens om-



singel vir Simson. Hy kan nie vooruit spring nie, want dan sal hy sekerlik teen die skerp dolke spring.

Daar heers 'n bietjie verwarring onder sommige van die gestaltes. dit lyk asof hulle na iemand soek. Daar ontstaan nou 'n gemompel onder hulle. Die Swart Luiperd weet dadelik waaroor daardie verwarring ontstaan het. Hulle soek werklik na iemand. Hulle het nie verwag dat hy so hoog in die boom sal wegkruip nie. In die afgelope tyd het dit al herhaaldelik gebeur dat soldate van die Wit Heks pogings aanwend om vir Leon Fouché te vang of dood te maak.

Hierdie nagtelike sluipers is sekerlik weer agter sy bloed aan. Die Swart Luiperd sien ook sommer dadelik dat hy gou sal moet speel, want die sirkel trek nouer om arme Simson wat nou skoon verbouereerd raak omdat hy geen ondersteuning van die luiperd-wyfie en van sy tweebeen-maat ontvang nie. Die tier spring egter so rats rond dat die krygers nie kans kry om op hom toe te sak nie. Vir 'n oomblik bewonder die Luiperdman ook die durf, moed en doodtartende dapperheid van hierdie sluipers. Daar is nie sommer inboorlinge te vind wat in die nag op 'n tier sal afstorm nie.

Ineens skree die Swart Luiperd en onmiddellik kyk swart gesigte op na hom. In die kolle-kolle lig van die man sien hy die swart maskers op sommige van die halfnaakte inboorlinge. Hy sien die duiwelstert aan die leier van die groep. Dadelik weet hy wie sy besoekers is. Die vreedsame inboorlinge, die Oekapi's, het hom al meermale van hierdie sluipers vertel. Die Oekapi's het hulle genoem die gedugste van al die honde van die Wit Heks. Die inboorlinge noem hulle graag vampier-mense, soms Duiwelmanne, omdat hulle daardie afgryslike maskers dra.

Vir 'n oomblik is die Duiwelmanne uit die veld geslaan. Hulle het die Luiperdman nie daar bo in die boom verwag nie. Ook die groepie om die luiperdmannetjie het die tier vir 'n oomblik vergeet, en kyk omhoog waar die swart gestalte van die Luiperdman op hulle afkyk. Die luiperdmannetjie maak vinnig gebruik van die situasie. Hy spring reg op die kortste van die half-naakte manne af. Die kryger val agteroor en Simson storm oor hom en verdwyn in 'n oogwenk in die swart skaduwees. Hy vlug onder oorhangende takke in en gluur dan weer terug om te sien of hy agtervolg word.

Hy sien hoe dat 'n paar van die tweebeen-gedrogte teen die boom opklim waarin die Luiperdman hom bevind, en hy weet dat daar 'n warm en benoude tydjie op sy tweebeenmaat wag.

Die Swart Luiperd beweeg egter gladnie. Hy hou die drie dop wat teen die stam opklim. Leon weet klaar wat hy gaan doen. Hy wil nie in hierdie stadium gebruik maak van sy mes of sy pyl en boog nie. Die manne is blykbaar hier om hom lewend te kom vang, anders sou hulle lankal met hulle dolke na hom gegooi het.

Die drie Duiwelmanne begin stadiger teen die boom op beweeg toe hulle merk dat die Luiperdman geen aanstaltes maak om weg te spring of aan te val nie. Hy staan nou so werklik waar met sy hande in sy sye, terwyl hy spraakloos elke beweging van hulle dophou.

Toe die drie 'n tree onder hom op 'n tak saambondel, gryp hy skielik die tak net bokant hom vas, gee een ruk en skeur die tak van die boom af.

Met afgryslike gesigte, vampiergesigte, tuur die drie op na die Luiperdman. Die strale van die maan beskyn hulle sataniese bakkies.

Die Swart Luiperd tel die tak hoog bokant sy skouers op en slinger dit dan na hulle toe. Die dik kant van die tak tref een op die kop, en hy los met 'n gil. 'n Tweede een verloor ook sy houvas en tuimel na benede, kop eerste. Die derde een bly klou aan die tak, en hy slaan met sy dolk na die Luiperdman se voete. Die Swart Luiperd spring egter rats opsy, en dan spring hy rakelings aan die kryger in die boom verby. Hy val reg op die struikgewasse af waarin Donker vreesbevange skuil, met Spikkels hier tussen sy bene. Leon kom met albei sy voete op die perd se rug te lande en die dier gee een benoude snork en spring tussen die bosse uit op die skreeuende duiwelgedrogte af. Leon slaag daarin om wydsbeen oor die perd te gly en dan aan die maanhare vas te klou.

Dit lyk nou kompleet asof die bos geboorte gegee het aan 'n swart perd en 'n ruiter met 'n luiperdmasker, en nog boonop 'n gespikkelde kat wat grommend, feitlik tussen die pote van die perd, deur storm.

Dolke flits in die maanlig, en twee woer oor die Luiperdman se kop. Donker storm tussen die Duiwels in, en hulle gee haastig pad, terwyl sommiges plat val. Toe die perd 'n pad deur hulle storm, buk die Luiperdman vinnig en laag en sy sterk arm slurp om die middel van die aanvoerder. Krete skeur deur die lug, en 'n dolk val kletterend op die grond, maar Donker verdwyn in die bosse met die Luiperdman en die aanvoerder op sy rug. Leon knyp die verskrikte vegter onder sy arm vas. Maar 'n verskriklike stank slaan in sy neusgate op. Toe die perd tussen die bosse deurskuur, gooi die



Luiperdman die vetterige liggaam van hom af weg. Dit klap soos die Duiwelman met sy kop teen 'n rots te lande kom. 'n Enkele onderdrukte kreun ontsnap die Duiwelman en dan lê hy roerloos.

Donker bedaar effens en die Swart Luiperd bring hom tot stilstand. Die perd besef nou eintlik eers dat dit sy tweebeenmaat is wat op sy rug sit en hy bedaar dadelik.

Agter die Luiperdman skree dit deurmekaar en hy hoor hoe sy twee tiers dreigend en benoud brulgeluide los. Hy laat Donker weer terugsnel.

Tot sy verbasing is daar nou eers verwarring onder die gedrogte. Hulle kyk om hulle rond asof hulle iets verloor het. Nie een van hulle het opgemerk dat die Luiperdman hulle leier tussen hulle opgeskep het nie, en die feit dat hy soos mis verdwyn het, vervul hulle met angs.

Spikkels en Simson staan langs 'n groot rots in die maanlig en wys hulle tande. Hulle nekhare staan orent. By die smeulende vuurtjie probeer die oorblywende Duiwelmanne as 't ware herorganiseer. Hier in die Suid-Amerikaanse oerwoud het die Swart Luiperd al agtergekom dat die bygelowige inboorlinge skoon uit die veld geslaan en ontwrig is sodra hulle hulle aanvoerder verloor. Dit is asof hulle dan nie dadelik op dreef kan kom nie. En nou het hierdie Duiwelmanne se aanvoerder soos 'n spook onder hulle uit verdwyn.

Die Duiwelman in die boom is besig om voetjie vir voetjie af te klim, byna asof hy dit traag doen en maar liewer tussen die veiligheid van die takke wil bly. Twee gemaskerde halfnaaktes lê op die grond, bewusteloos of dood. Hulle het goed ongeveer twintigdertig voet hoog geval. Die een begin op die grond roer toe die Swart Luiperd weer tussen die bome te voorskyn kom.

Nege Duiwelmanne sien hom onmiddellik raak en swaai rats om, maar hulle storm nie op hom af nie. Dit is asof hulle moed hulle nou begewe het. Die Luiperdman se stem kraak skielik tussen die bome.

,,Waarom kom steur julle my, gedrogte?''

Die een kyk na die ander.

,,Waar is ons hoofman?'' waag een dit.

,,Die aarde het hom ingesluk,'' lag die Swart Luiperd. ,,Wat soek julle, kinders van Satan?'' gaan die Luiperdman dan in die taal van die Rooihuide voort wat hierdie kinders van die oerwoud blykbaar kan verstaan, hoewel dit duidelik is dat hulle nie

Rooihuide is nie. Hulle is te fris gebou, en hulle vel bruinerig, soos die van Latynse rasse. Hulle lyk in elk geval vir die Luiperdman soos 'n mengelmoes tussen Rooihuide en Spanjaarde of Portugese.

Daar is 'n rukkie stilte en dan antwoord een, maar hierdie keer praat hy tot Leon se verbasing in geradbraakte Engels, wat eie is aan die baster-Spanjaarde van Suid—Amerika.

„Ons soek jou, Tierman. Die Wit Heks het ons gestuur om jou te kom haal. Sy wil jou lewend in Amar hê!"

Leon se gelag kom hol agter sy masker uit.

„Die Wit Heks stel baie belang in my, maar ek stel nie belang in haar nie. Hoekom laat sy my nie met rus nie. . .? Julle kan gerus daardie gedrogtelike maskers afhaal. Ek is nie so bygelowig soos die inboorlinge nie!"

„Ons heet die Duiwelmanne, Luiperdman. En ons het gekom om jou te kom haal, dood of lewendig!"

Sonder waarskuwing storm al nege gelyk op hom af.





## 'N KERKHOF VIR DIE DUIWELS

Donker runnik hees, maar hy staan bewend stil. Toe die naakte gestaltes ongeveer drie tree voor die perd is, spring Leon uit die saal uit op, byna asof hy deur 'n wipplank omhoog geskiet word. Op daardie oomblik spring Donker ook met pote in die lug. Die Swart Luiperd vang die tak bokant hom met albei sy hande vas en swaai hom vorentoe. Hy skiet deur die nag en takke raas en kraak. Onder meng die geskree van die naakte half-barbare met die sidderende gerunnik van die perd wat woes na die eerstes kap.

Die aanstormendes het die Swart Luiperd net in die lug sien spring, maar toe moes hulle al hulle aandag aan die perd bestee. Donker het reeds daarin geslaag om een teen die grond te moker. Die perd draai nou sy agterpote na hulle toe en dit kloof deur die lug soos hy na die bruin gestaltes skop.

Intussen duik die Swart Luiperd oor die opening in die bosse.

Soos 'n groot swart arend pyl hy deur die lug, oor die smeulende vuurtjie en vang 'n tak van die boom raak waarin hy oomblikke gelede nog heerlik sit en dut het.

Hy gaan regop op die tak staan, sien hoe dat Donker se agterpote deur die lug klief en die naakte Duiwelmanne agter hom oormekaar val om betyds pad te gee. Een van die Duiwelmanne wat dit te naby gewaag het, seil deur die lug soos 'n ongebreide beesvel toe Donker se twee hoewe hom donderend op die bors tref. Die Luiperdman weet dat daardie man nooit weer sal kan loop nie. Hy trek oor die ander Duiwelmanne en sy liggaam val tussen 'n klomp struikgewas in.

Agter die Luiperdman roer die takke en Simson spring te voorskyn. Soos 'n skim kom ook die luiperdwyfie regs van die Luiperdman uit die takke gekruip en kom neem stelling in langs haar tweebeen-vriend. Leon met sy swart tiermasker op, staan in die middel. Aan weerskante van hom is die twee gespikkelde katte en hulle ore is plat getrek, terwyl groen oë moorddadig na die vampiergesigte staar. Simson grom en sy stert kwispel heen en weer. Dit is duidelik dat hulle gereed is om dit saam met hulle tweebeenmaat uit te spook as dit so moet kom.